Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2015

# ONTWERP V1

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **3 uur**

*DSGNA*

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Daar is VYF vrae in hierdie vraestel.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die vrae en instruksies vir elke vraag aandagtig deur.

4. Beantwoord die vrae in volsinne en vermy die slegs opnoem van feite.

5. Gebruik die toegewysde punt as aanduiding hoeveel feite gegee moet word en hoeveel tyd op elke vraag gespandeer moet word.

6. MOET NIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal NIE.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A:

## VRAAG 1

## VISUELE GELETTERDHEID: ONGESIENE WERKE

1.1



**FIGUUR 1: 'Tembo' tafel** deur Note Ontwerp-ateljee (Suid-Afrika), 2011.
'Tembo' beteken olifantvoet in Swahili. Dit is gemaak van gestapelde stukke hout, kurk en metaal.

1.1.1 Analiseer die gebruik van VYF van die volgende ontwerpelemente en -beginsels in FIGUUR 1 hierbo:

- Lyn
- Vorm
- Patroon
- Kleur
- Ritme
- Beweging
- Kontras (10)




**FIGUUR 2:**
**'n Russiese plakkaat met werkers wat protesteer vir die reg om deel te hê in regeringsmag** (circa 1922).

1.2 1.2.1 Aan watter kategorie van plakkate behoort FIGUUR 2 hierbo? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

1.2.2 Verduidelik of jy dink die tipografiese uitleg in FIGUUR 2 is goed of nie. Verduidelik jou antwoord ten opsigte van:

- Kantlyne
- Leiding ('Leading') (2)

1.3



**FIGUUR 3**



**FIGUUR 4**

1.3.1 Waarna verwys die beelde in FIGUUR 3 en FIGUUR 4 en hoe verskil dit? (4)

1.4





**FIGUUR 5**: **Logo van die nuwe offisiële, globale UBUNTU Liberale Beweging.** UBUNTU verwys na essensiële menslikheid waardes soos empatie en menslikheid.

1.4.1 Verduidelik wat jy verstaan van TWEE van die volgende aspekte met spesifieke verwysing na die logo in FIGUUR 3 hierbo:

- Simbole
- Die twee hoofkategorieë in lettertipes.
- Lettertipe
- Letterstyl/font (4)

1.4.2 Dink jy die logo hierbo is effektief? Gee DRIE goed ondersteunde redes. (3)

1.5 Bestudeer die beeld in FIGUUR 6 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**FIGUUR 6**

1.5.1 Watter stereotipe word deur die plakkaat in FIGUUR 6 aangespreek? Gee redes vir jou antwoord. (2)

1.5.2 Noem TWEE ander voorbeelde van negatiewe stereotipering wat in advertensieveldtogte voorkom. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS EN POPULÊRE KULTUUR

### VRAAG 2: INTERNASIONALE GESKIEDENIS VAN ONTWERP (ART NOUVEAU; BAUHAUS; ART DECO; DE STIJL; MODERNISME;SKANDENAWIESE)

2.1



**FIGUUR 1**: **Art Deco**
**Surrey Mansions,** Currey Straat (Durban, Suid-Afrika), 1932.




**FIGUUR 2:** ***Bauhaus***
Die **Muche/Schlemmer Huis** deur Walter Gropius en Marcel Breuer (Dessau, Duitsland), 1926. ʼn "Meester se huis" vir die Bauhaus fakulteit.

2.1.1 Mies van der Rohe het gesê: "Argitektuur is die wil (wens) van ʼn epog (ʼn spesifieke tyd) wat in ruimte getransleer (vertaal) word."

Skryf ʼn opstel waarin jy hierdie twee geboue in FIGUUR 1 en FIGUUR 2 vergelyk om te wys hoe elkeen die ontwerpstyl van sy spesifieke tyd/periode uitbeeld. Jou opstel moet die volgende inligting bevat: Doelwitte en invloede, die effekte van die masjien era, kleur en balans.
(Moet nie in tabelvorm of puntsgewys skryf nie, maak seker dis ʼn opstel.) (10)

2.2



**FIGUUR 3:** ʼn **Juweelstuk van die 'Digital Nature Collection'** deur Kiara Gounder (Suid-Afrika), 2014.
Die versameling ondersoek simmetrie in die natuur. Die juweelstuk hierbo is geïnspireer deur fossiele, plante en insekselle.



**FIGUUR 4:** ʼn **Handgemaakte halssnoer** deur Tiffany Marx, Juwelierontwerper, (Kaapstad), jaar onbekend.

2.2.1 Elkeen van die kontemporêre ontwerpe in FIGUUR 3 en FIGUUR 4 reflekteer ʼn beweging in ontwerp wat jy bestudeer het. Gee die name van elke beweging en vergelyk dan die twee ontwerpe t.o.v. simmetrie, materiale, onderwerpe, lyn en vakmanskap.

<u>(Jou antwoord moet ʼn punt vir punt vergelyking in tabelvorm wees. Moet nie enige bewegings herhaal wat jy in VRAE 2.1 en 2.3 bespreek het nie.)</u> (10)

2.3



**FIGUUR 5**
**Trône de Pauline (The throne of Pauline)** deur Claude Lalanne (Frankryk), 1990. ʼn **Art Nouveau geïnspireerde** ontwerp.

2.3.1 Bespreek VIER eienskappe van die Art Nouveau styl en TWEE invloede op die ontwerp beweging wat in FIGUUR 5 hierbo, gesien kan word. (6)

2.3.2 Gee die naam van EEN Art Nouveau ontwerp en die naam van die ontwerper. (2)

2.3.3 Verduidelik die volgende terme:

- Eklekties
- Estetika (2)

**[30]**

## VRAAG 3: POPULÊRE KULTUUR

3.1 3.1.1 Skryf ʼn kort paragraaf waarin jy die betekenis van Populêre Kultuur definieer. (3)

3.1.2 Die ontwerp tendens van elk van die verskillende ontwerp-bewegings reflekteer die ʻPopulêre Kultureʼ van daardie era/tydperk/periode. Skryf ʼn opstel waarin jy die Populêre kulture van TWEE ontwerpbewegings wat jy bestudeer het, bespreek. Dit sluit in Kuns en Kunsvlyt, Art Nouveau, Bauhaus, Art Deco en Modernisme.

**LET WEL:** Skryf jou opstel in paragraafvorm en moet nie opskrifte gebruik nie. (7)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**


## AFDELING C: KONTEMPORÊRE, INTERNASIONALE, OMGEWINGS- EN SOSIALE ONTWERP

## VRAAG 4: OMGEWINGSONTWERP

4.1



**Vele Sekondêre Skool** (Limpopo, Suid-Afrika), 2007–2011.
Herwonne energie in die vorm van sonkrag installasies worg gekombineer met ’n energie metersisteem en verskaf elektrisiteit aan 80 rekenaars.



Die Toilette: Toilette gebruik ’n sisteem van droeë kompos. Laasgenoemde word deur die onderwysdepartement verwyder. ’n Daktuin dien as isolasie.



Reënwater word opgevang van dakke en plavleisels vir tuinmaak. ’n Boorgat verskaf drinkwater.

**FIGUUR 1**

4.1.1 Verwys na die beelde en inligting in FIGUUR 1 hierbo en debatteer of die Vele Sekondêre Skool as ’n volhoubare ontwerp gesien kan word, of nie. Gee redes. (4)

4.2




**FIGUUR 2**

4.2.1 Watter omgewingskwessie word hierbo in FIGUUR 2 geadresseer? Verduidelik. (1)

4.2.2 Dink jy dat die ontwerp in die plakkaat mense genoeg inspireer om hulle eie gemors weg te gooi? Verduidelik jou antwoord met spesifieke verwysing na die uitleg van die beelde en teks. (2)

4.3 Bespreek die werk van EEN Internasionale ontwerper of ontwerpgroep wat jy bestudeer het, wat ’n positiewe verskil in die omgewing gemaak het.

Skryf jou antwoord in opstelvorm en sluit die volgende inligting in:

- Die naam van die ontwerper
- Die ontwerper se doelwit en benadering tot ontwerp.
- Die naam van ’n ontwerp deur die ontwerper en ’n verduideliking hoe hierdie ontwerp omgewingskwessies aanspreek. (8)

**[15]**

## VRAAG 5: VERANTWOORDELIKE SOSIALE ONTWERP

5.1 Bestudeer die volgende ontwerp en beantwoord dan die vrae wat volg.



**FIGUUR 1**
Die **Gira Dora wasmasjien en droeër**
ontwerp deur studente Alex Cabunoc en Ji A You (Peru), 2012.

Hierdie bekroonde wasmasjien word gewerk met 'n voetpedaal wanneer jy bo-op die plastiek drom sit. Geen elektrisiteit word benodig nie. Die ontwerp is geinspireer deur bewoners van die armste dele in die stad Lima, Peru. Lg. spandeer ure om die klere met hul hande te was.

5.1.1 Waarom val die ontwerp in FIGUUR 1 hierbo, in die kategorie van sosiale ontwerp? Gee DRIE redes. (3)

5.1.2 Met verwysing na die beelde en inligting in FIGUUR 1, verduidelik die betekenis van die volgende term:

- Ergonomie. (2)

**EN**

5.2 Skryf ŉ opstel oor die werk van EEN Suid Afrikaanse of EEN internasionale sosiaal verantwoordelike ontwerper. Jou opstel moet die volgende inligting bevat:

- Naam van die ontwerper
- Doelwitte
- Algemene eienskappe
- ŉ Analise van EEN werk deur daardie ontwerper wat sy sosiale verantwoordelike etiek bewys. (10)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou